STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 47 - 2019 • EDITION 47- 2019

Van die Burgemeester
From the

Liewe Inwoners

Die tweede kwartaal is in volle swang en dit voel so asof die halfjaarmerk al binne bereik is!

Ek wil begin deur ons nuwe direkteur van Gemeenskap- en Beskermingsdienste, mnr Gary Boshoff, te verwelkom. Hy het op 1 Maart 2019 by ons aangesluit en het met ywer weggespring! Mnr Boshoff het jare se ervaring in plaaslike regering as 'n uitvoerende direkteur en kom ook met ervaring vanuit die sportwêreld as speler en administrateur. Mnr Boshoff sal onder andere verantwoordelik wees vir parke, sport, gemeenskapsveiligheid en verkeersdienste. Dis 'n groot direktoraat met baie verantwoordelikhede en ek weet Mnr Boshoff is daartoe verbind om seker te maak ons inwoners ontvang die beste moontlike dienslewering.

Dit is 'n baie besige tyd van die jaar vir die munisipale administrasie. Aan die einde van Maart het ek die konsepbegroting vir die volgende finansiële jaar aan die Raad voorgelê. Die konsep moet nou deur 'n openbare deelname proses gaan waar u, as inwoner, 'n baie belangrike rol speel. Dit is elke inwoner se plig om te gaan kyk na die konsepbegroting en insette te lewer op areas wat u voel ons aandag nodig het. Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) proses, gaan vir u die geleentheid gee om vrae aan die amptenare te vra oor hoe die begroting aangewend gaan word en u

Dear Residents,

The second term is in full swing and believe it or not, we are fast approaching the halfway mark of 2019 already!

I want to start by welcoming Gary Boshoff, our new director for Community and Protection services. He joined our team on 1 March 2019 and hit the ground running. Mr Boshoff has years of experience in local government as an executive director and also comes with experience from the sporting world as a player and administrator. Mr Boshoff will be responsible for parks, sport, community safety and traffic services among others. It is a large directorate with many responsibilities and I know Mr Boshoff is committed to ensuring that our residents receive the best services possible.

It is a very busy time for the municipal administration. At the end of the March, I presented the draft budget for the next financial year to Council. The draft budget must now go through a public participation process where you as resident play an important role. It is the responsibility of every resident to have a look at the draft budget and to give inputs and comments on areas you feel deserve attention. The Integrated Development Plan (IDP) process will give you an opportunity to ask our officials questions about how the budget will be applied and you will be able to give inputs on areas you feel need greater attention.

Adv. Gesie van Deventer
UitvoerendeBurgemeester/
Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Give Responsibly, Stellenbosch/Gee verantwoordelik
Bl 3/ Pg 3

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY INITIATIVE
SSI

sal ook u insette kan gee op wat u dink die begroting meer aandag nodig het.

Elke wyk sal ‘n geleentheid kry om insette te gee. Ek wil u vra om asseblief die vergadering van u wyk by te woon. Die GOP -vergaderings is die ideale geleentheid om deel te neem en u bydrae te lewer oor hoe die munisipaliteit sy werk verrig. Die inligting van waar en wanneer die vergaderings sal plaasvind, sal op ons webblad beskikbaar wees asook in die plaaslike koerante.

En van die heel lekkerste take wat ek die afgelope jaar kon verrig, is die uitdeel van titelaktes aan van ons inwoners. In 2016 het ek onderneem om seker te maak dat die agterstand met betrekking tot titelaktes uitgewis sal word. U sal onthou, dat ons meer as 600 verlede jaar uitgedeel het en dit was vir my ‘n besonderse voorreg om onlangs nog 135 aktes in Mooiwater, Franschhoek, en 160 titelaktes in Jamestown uit te deel. Om vir inwoners die papiere te gee wat hul ware eienaarskap van hul huise gee, is ‘n onbeskryflike gevoel. Die sekerheid en veiligheid wat die inwoners ervaar na jare se wag maak al die harde werk die moeite werd. Dit skep ook nuwe geleenthede vir die eienaars omdat hulle nou ‘n bate van waarde besit. Die Provinsiale Minister vir Menslike Nedersettings, Minister Bonginkosi Madikizela, het by die geleentheid in Franschhoek bygewoon en inwoners aangemoedig om mooi na hul huise te kyk en ook dit beklemtoon dat eienaarskap saam met verantwoordelikheid kom.

Nog ‘n belangrike projek waarby ons as plaaslike regering betrokke is die Gee Verantwoordelik, Stellenbosch – projek. Baie mense wil graag hawelose mense of mense met ernstige behoeftes help. Ongelukkig is die gee van veral geld nie die beste oplossing nie. Deur veral geld te gee, word dit soms vir hierdie mense lonend om op straat te bly. As Munisipaliteit is ons daartoe verbind om, in samewerking met ander organisasies, op ‘n verantwoordelike en volhoubare wyse hawelose mense te help en waar moontlik te probeer herintegreer in die breër samelewing. Daarom is ons nou deel van ‘n koeponprojek wat inwoners aanmoedig om meer verantwoordelik te gee.

Die projek werk as volg: Inwoners kan by verskeie winkels in die dorp ‘n koepon of koepons koop teen R10 per koepon. Op die koepon is daar drie opsies waarvan u een kan merk volgens die behoefte van die persoon wat u probleem help. Die opsies sluit in ‘n bord kos, ‘n kombers of ‘n aand in die nagskuiling. Die persoon wat u help kan dan hierdie koepon neem na die betrokke organisasie om die koepon in te ruil vir hulp. Die organisasies wat saam met ons werk hou rekord van die hawelose mense en het ook reëls in plek om te voorkom dat die stelsel uitgebyt word. Die drie organisasies wat saam met ons werk is die Stellenbosch Nagskuiling, Straatlig en Heartflow en die Universiteit van

Every ward will have an opportunity to give inputs and I want to ask you to please attend the meetings in your ward. The IDP meetings are an ideal opportunity for you to participate and give input on how the municipality performs its duties. The information about where and when the meetings will take place, will be available on our municipal website as well as in our local newspaper.

One of the best tasks that I have been able to perform so far this year, was the handing over of title deeds to our residents. In 2016 I vowed to make sure that the backlog of title deeds will be addressed. You will remember that last year we handed over more than 600 title deeds and recently it was my privilege to hand over another 135 title deeds in Mooiwater, Franschhoek. We also handed over 160 title deeds in Jamestown on Human Eights Day. To give residents the documents that give them ownership of their homes is an indescribable feeling. The security and certainty that residents experience after years of waiting, makes all the hard work worth it. It creates opportunities for residents to own this asset. The Provincial Minister for Human Settlements, Minister Bonginkosi Madikizela, attended the event in Franschhoek and urged the beneficiaries to take care of their homes, emphasising that ownership comes with responsibility.

Another significant project we are involved with, is the Stellenbosch Give Responsibility project. Many people have a sincere desire to assist homeless people or people with serious needs. Unfortunately, giving money to people is not the most constructive solution. By giving money, it often becomes profitable for destitute people to beg on the streets and we never break this sad cycle. The Municipality is committed to work with other organisations to try and assist homeless people in a responsible and sustainable manner and where possible, to reintegrate them into society. That is why we are now part of the coupon project that encourages people to give responsibly.

The project works as follows: Residents can buy the coupons at various shops in town for R10 per coupon. On the coupon, there are three options that you can select according to the need of the person you are trying to help. The options include a plate of food, a blanket or an evening at the night shelter. The person you are helping can take this coupon and trade it for assistance. The organisations that we are working with keeps records of the people and also have rules in place to prevent the system from being exploited. The organisations that we are working with is Stellenbosch Night Shelter, Straatlig, Heartflow and the University of Stellenbosch.

This is the first phase of this project and we are going to expand it to include more organisations and retail outlets. It is not a perfect solution, but it is a starting

Stellenbosch.

Hierdie is die eerste fase van die projek wat ons van plan is om verder uit te rol na meer organisasies en winkels. Dit is nie ‘n perfekte oplossing nie, maar dit is ‘n begin om die uitdaging op ‘n meer volhoubare wyse aan te spreek. Ek wil elke inwoner aanmoedig om asseblief hierdie projek te ondersteun en nooi u uit om terugvoer te gee rondom u ervaring van die projek. Koop sommer ‘n paar koepons en hou dit in u beursie of in u kar. So sal u hulp verleen aan mense wat regtig nood het en die mense wat probeer kanse vat sal sien dat dit geen wins vir hul inhou nie. U kan koepons by onder andere die volgende winkels op die dorp aanskaf: Tony’s Barber, PostNet takke in Plein- en Andringastraat, die Cash Crusaders, iThemba Curious, Super Spar (Boord), Quick Spar (Neelsie), die BP vulstasies in Merriman- en Dorpstraat, Oranje Blanje Blou en ook die Moeder Gemeente, NG Kerk Stellenbosch Wes asook Welgelegen, Joshua Generation, Kruiskerk en Chirst Church.

Vir meer inligting en terugvoer ten opsigte van die projek, kontak Michelle Aalbers michelle.aalbers@stellenbosch.gov.za of Charl Reyneke van Heartflow charl.reyneke@gmail.com

Soos u weet, het beurtkrag weer deel van ons realiteit geword. Alhoewel dit op die oomblik nie daagliks toegepas word nie, bly die risiko daarvoor egter hoog en ESKOM hou ons deurlopend op hoogte. Sodra beurtkrag aangekondig word, probeer ons u ook onmiddellik in kennis stel, sodat u die nodige voorbereidings kan tref. Ongelukkig lig ESKOM ons soms op baie kort kennisgewing in. Hou asseblief ons sosiale media platforms en ons webblad dop vir enige aankondigings in die verband. Ons wil u ook vra om, waar moontlik, elektrisiteit te spaar veral gedurende spitstye. Spitstye is gewoonlik tussen 7:00 tot 10:00 en 18:00 tot 20:00 daagliks. Skakel u warmwatersilinder (geyser) af deur die dag en net aan vir die tyd wat dit nodig is. Skakel al u toestelle wat op bystand is af. Dit sluit toestelle soos rekenaars, skootrekenaars, televisies en radio’s in. Skakel al die muurproppe wat nie gebruik word nie ook af. Dit is ’n paar klein wenke wat wel ‘n groot verskil kan maak.

Daar is so baie uitblinkers in ons gemeenskap, en ek deel graag hul suksesse met u wanneer die nuus onder my aandag gebring word. Mnr Roland Frans is die Skoolhoof by die Klapmuts Primêre Skool. Hy is onlangs aangewys as die Nelson Mandela Leeftydprestasie wenner by die nasionale onderwys toekennings. Mnr Frans is sedert 1994 by die skool en het ‘n wesenlike verskil in die lewens van die leerders en die skool gemaak. Baie geluk mnr Frans! En baie dankie, namens al die inwoners vir die harde werk wat u doen!

Gedurende die tweede kwartaal is daar verskeie

point to address this challenge in a more sustainable manner. I want to encourage every resident to support this project and to give us feedback regarding your experience of the project. Buy a couple of coupons and keep it in your wallet or in your car. In this way, you can help people who are in real need and those who are taking chances will see that it holds no profit for them. You can by coupons at the following shops in town: Tony’s Barber, PostNet branches in Plein- and Andringa Street, the Cash Crusaders, iThemba Curious, Super Spar (Boord), Quick Spar (Neelsie), the BP petrol stations in Merriman- and Dorp street, Oranje Blanje Blou as well as Moeder Gemeente, DR Church, Stellenbosch West and Welgelegen, Joshua Generation, Kruiskerk and Chirst Church.

For more information and for feedback on the project, please contact Michelle Aalbers at michelle.aalbers@stellenbosch.gov.za or Charl Reyneke of Heartflow at charl.reyneke@gmail.com.

As you know, load shedding has become part of our reality again. Although it has been implemented intermittently, the risk remains high and ESKOM keeps us informed. As soon as load shedding is announced, we try to inform you immediately. Unfortunately, ESKOM sometimes informs us on very short notice. Please keep watching our social media platforms and our website for any announcements in this regard. We want to ask you to save electricity where possible, especially during peak times. Peak times are usually between 07:00 to 10:00 and 18:00 to 20:00 every day. Switch off your geysers during the day and only switch it on as and when necessary. Switch off all appliances and devices that are usually left on stand-by. This includes devices such as televisions, computers, laptops and radios. Also switch off all plugs that are not being used. These are small tips that can have a big impact.

There are so many champions in our community and I want to share their successes with you when the news is brought to my attention. Mr Roland Frans is the principle of Klapmuts Primary School. He was recently announced as the winner of the Nelson Mandela Lifetime Achievement Winner at the National Teaching Awards. Mr Frans has been at the school since 1994 and has made a meaningful difference to the lives of the leaners and the school. Congratulations Mr Frans! And thank you, on behalf of all the residents for the hard work that you do!

There are several public holiday days and long weekends during the second term that will provide residents with a welcome break. We want to ask you to please be careful on our roads, especially during the Easter break. It is always one of the busiest times on the road. Please adhere to the rules of the road and keep to the speed limit. Our traffic services, in cooperation with that of the Province, will be on call and will be visible

vakansiedae en langnaweke wat ‘n welkome blaaskans aan die inwoners bied. Ons wil u vra om asseblief versigtig te wees op ons paaie, veral gedurende die Paastyd. Dit is altyd van die besigste en ook gevaarlikste tye. Gehoorsaam asseblief die padreëls en hou by die spoedbeperking. Ons verkeersdienste, in samewerking met die van die Provinsie sal deurlopend aan diens wees.

Aan al ons inwoners wat Paasfees vier, mag dit ‘n geseënde en ‘n gewyde tyd vir u wees. Paasfees is die heiligste geleentheid op die Christin kalender, en dit is ‘n tyd wat baie van ons graag saam met vriende en familie vier. Aan ons Joodse inwoners wat ook Pesach vier, wens ek ‘n tyd van vrede, samesyn en geluk toe.

Ek hoop u geniet die vakansiedae en kry die geleentheid om die belangrike dae saam met familie te herdenk. Ek sien ook daarna uit om ‘n uur of wat rustig te spandeer, maar verder sal ons volstoom besig wees met die sake wat vir u belangrik is.

Beste Wense
Burgemeester Gesie

throughout the municipal area.

To all our residents who celebrate Easter, may this be a blessed and sacred time for you. Easter is the holiest holiday on the Christian calendar and it is a time that many of us enjoy spending with friends and family. To our Jewish residents who celebrate Pesach, I wish you have a time of peace, happiness and togetherness.

I hope you enjoy the public holidays and that you have an opportunity to commemorate the important days with friends and families. I am looking forward to spending an hour or two resting, but then we will carry on with all the work that is important to you.

Best Wishes
Mayor Gesie